**SKEDULERINGSTATUS** S1

**WORMSTOP® SUSPENSIE**
**WORMSTOP® 100 (TABLETTE)**
(Mebendasool)

**WORMSTOP® SUSPENSIE:** Bevat suiker: sorbitoloplossing (70 % nie-kristalliserend)
2 g/5 ml
**WORMSTOP® 100 TABLETTE:** Suikervry, kunsmatig versoet: natriumsakkaraat
2 mg/tablet

**Lees hierdie hele blad noukeurig deur omdat dit belangrike inligting vir u bevat.**
WORMSTOP® is sonder 'n dokter se voorskrif vir u beskikbaar om 'n matige siekte te behandel. U moet WORMSTOP® nogtans versigtig gebruik om die beste resultate daaruit te verkry.
Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
Moenie WORMSTOP® vir enigiemand anders gee nie.
Vra vir u gesondheidsorgverskaffer of apteker as u nog inligting of raad nodig het.
U moet 'n dokter konsulteer as u simptome vererger of nie verbeter nie.

**Wat in hierdie blad is**
1. Wat WORMSTOP® is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u WORMSTOP® drink
3. Hoe om WORMSTOP® te drink
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om WORMSTOP® te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting

## 1. Wat WORMSTOP® is en waarvoor dit gebruik word

Die naam van u medisyne is WORMSTOP® SUSPENSIE of WORMSTOP® 100 (in hierdie pamflet na verwys as WORMSTOP®). WORMSTOP® 100 bevat 'n middel genaamd mebendasool. Dit is een van 'n groep medisyne wat antihelmintika genoem word.
WORMSTOP® word gebruik om wurminfeksies in die ingewande te behandel soos:
- draadwurms (naaldwurms)
- ander algemene wurminfeksies (soos sweepwurm, rondewurm, haakwurm, lintwurm)

Hierdie medisyne is vir gebruik vir volwassenes en kinders ouer as 1 jaar.
U of u kind word aangeraai om WORMSTOP® te drink want u het 'n wurminfeksie. Wurms kan enigiemand besmet. Dit beteken nie noodwendig dat u higiëne swak is nie.

## 2. Wat u moet weet voordat u WORMSTOP® drink

**Moenie WORMSTOP® drink nie**
- as u hipersensitief (allergies) vir mebendasool of vir enige van die ander bestanddele van WORMSTOP® (gelys in afdeling 6) is.
- as u kind jonger as 1 jaar is.
- as u swanger is.
- as u metronidasool vir sekere infeksies drink.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**
Wees besonder versigtig met WORMSTOP®:
- as u inflammasie van die lewer het.
- as u veranderinge in lewerensieme het (in bloedtoetse gesien).
- as u inflammasie van die niere het.
- as u 'n vermindering in witbloedselle het (in bloedtoetse gesien). U kan nog infeksies kry.
- as u kind konvulsies (stuipe) het. WORMSTOP® moet slegs aan kinders jonger as 1 jaar gegee word as u dokter dit spesifiek voorgeskryf het.

***Ander medisyne en WORMSTOP®***
*Sê altyd vir u gesondheidsorgverskaffer as u enige ander medisyne gebruik (waaronder aanvullende of tradisionele medisyne).*

*As u* WORMSTOP® *drink, moet u nie die volgende medisyne gebruik nie:*

- *Metronidasool - vir sekere infeksies*
- *Simetidien - vir oortollige maagsuur*

*Vra vir u dokter om advies voordat u enige medisyne gebruik.*

**Swangerskap en borsvoeding**
As u swanger is of borsvoed, dink dat u dalk swanger kan wees of beplan om 'n baba te hê, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidspraktisyn om advies raadpleeg voordat u hierdie medisyne gebruik.
Vra vir u dokter of apteker as u borsvoed

**Motorbestuur en gebruik van masjinerie**
Hierdie medisyne sal waarskynlik nie 'n invloed hê op u vermoë om 'n voertuig te bestuur of gereedskap of masjiene te gebruik nie.

**WORMSTOP® bevat 'n suiker: sorbitol 70 % oplossing**
Dit kan gastro-intestinale ongemak veroorsaak en 'n ligte lakserende effek hê.

**3. Hoe om WORMSTOP® te drink**
Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie.
Gebruik WORMSTOP® altyd presies soos wat in hierdie blad beskryf word of soos wat u dokter of apteker vir u gesê het. Raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige as u nie seker is nie.
Die gewone dosis is:

**Sweepwurm, haakwurm, groot rondewurm, naaldwurm, *Ternidens deminutus,* infestasies deur *Moniliformis moniliformis*:**

**Tablette**
Een tablet (100 mg) twee keer per dag (oggend en aand) vir drie opeenvolgende dae. Hierdie standaarddosis is van toepassing op volwassenes, kinders en babas ouer as 1 jaar.

**Suspensie**
Een medisynemaat (5 ml) twee keer per dag (oggend en aand) vir drie opeenvolgende dae. Hierdie standaarddosis is van toepassing op volwassenes, kinders en babas ouer as 1 jaar.

**Lintwurm (*Taenia* spp):**

**Tablette**
Een tablet (100 mg) twee keer per dag (oggend en aand) vir ses opeenvolgende dae. Hierdie standaarddosis is van toepassing op volwassenes, kinders en babas.

**Suspensie**
Een medisynemaat (5 ml) twee keer daagliks (oggend en aand) vir ses opeenvolgende dae. Hierdie standaarddosis is van toepassing op volwassenes, kinders en babas.

**Draadwurm (*Strongyloides stercoralis*):**

**Tablette**
**Volwassenes**: twee tablette (200 mg) twee keer per dag (oggend en aand) vir drie opeenvolgende dae.
**Kinders:** een tablet (100 mg) twee keer per dag (oggend en aand) vir drie opeenvolgende dae.

**Suspensie**
**Volwassenes**: twee medisynemate (10 ml) twee keer per dag (oggend en aand) vir drie opeenvolgende dae.
**Kinders:** een medisynemaat (5 ml) twee keer per dag (oggend en aand) vir drie opeenvolgende dae.

**Tablette**: WORMSTOP® word selfs deur kinders maklik aanvaar, maar kan fyngedruk word en met 'n bietjie vloeistof gegee word.

**As u meer WORMSTOP® gedrink het as wat u moes**

Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

**As u vergeet om WORMSTOP® te drink**

- Moenie die oorgeslane dosis drink nie.
- Drink u volgende dosis op die gewone tyd, en hou dan aan om u medisyne te drink soos wat u dokter vir u gesê het.
- Moenie 'n dubbele dosis drink om vir 'n vergete dosis op te maak nie.

**As u ophou om WORMSTOP® te drink**

Moenie ophou om u medisyne te drink sonder om u dokter te raadpleeg nie.

**4. Moontlike newe-effekte**

WORMSTOP® kan newe-effekte veroorsaak.

Nie al die newe-effekte wat vir WORMSTOP® aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand versleg of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u WORMSTOP® gebruik, moet u u gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg.

Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om WORMSTOP® te drink en onmiddellik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:

- Skielike swelling van u gesig of keel. Galbulte (ook bekend as brandneteluitslag of urtikarie), erge irritasie, rooi of blase op die vel. Dit kan tekens van 'n erge allergiese reaksie wees.
- Afdop van u vel, mond, oë en geslagsdele
- Toevalle (stuiptrekkings)

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u 'n ernstige reaksie op WORMSTOP® gehad het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig het.

Sê dadelik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal as u enige van die volgende opmerk:

- Palpitasies
- Vinniger hartklop

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag nodig het.

Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:

<u>Newe-effekte wat dikwels voorkom:</u>

- Maagpyn

<u>Newe-effekte wat minder dikwels voorkom:</u>

- Maagongemak
- Diarree
- Winde
- Mislikheid (naarheid) of braking (opbring)
- Veluitslag
- Inflammasie van die lewer
- Veranderinge in lewerensieme (in bloedtoetse gesien)
- Inflammasie van die niere
- Vermindering in witbloedselle (in bloedtoetse gesien). U kan nog infeksies kry.
- Ongewone haarverlies
- Duiseligheid

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

**Aanmeld van newe-effekte**

Praat met u dokter, apteker of verpleegkundige as u newe-effekte kry. U kan newe-effekte ook by SAROGP ("SAHPRA") aanmeld *via* die vorm vir die aanmeld van nadelige geneesmiddelreaksies, naamlik "**6.04 Ad verse Drag Reaction Reporting Form**" wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van **WORMSTOP®** te gee.

**5. Hoe om WORMSTOP® te bêre**

- Hou alle medisyne buite bereik van kinders.
- Hierdie medisyne moet nie na die vervaldatum op die etiket, karton en stulpstrook gebruik word nie. Die vervaldatum verwys na die laaste dag van daardie maand.
- Bêre by of onder 25 ºC.
- WORMSTOP® 100 (TABLETTE): Hou die stulpstrook in die buitenste karton om dit teen lig te beskerm.
- Moenie enige medisyne in dreineringstelsels of huishoudelike afval weggooi nie. Vra vir u apteker hoe om medisyne wat nie meer gebruik nie weg te gooi. Hierdie maatreëls sal help om die omgewing te bewaar.

**6. Inhoud van die pak en ander inligting**

**Wat WORMSTOP® bevat**

Die aktiewe bestanddeel is mebendasool.

**WORMSTOP® SUSPENSIE**

**Elke 5 ml bevat:** 100 mg mebendasool

Die ander bestanddele is:

Sitroensuurmonohidraat, metielhidroksibensoaat, propileenglikol, propielhidroksibensoaat, polioksiel 40 gehidrogeneerde kasterolie, gemengde vrugtegeursel BUS29900S, polisorbaat-80, simetikoon, natriumbensoaat, natriumsitraat, sorbitoloplossing (70% nie-kristalliserend), xantaangom

**BEWAARMIDDELS**

| | |
|---|---|
| Metielparabeen | 0,18 % *m/v* |
| Propielparabeen | 0,02 % *m/v* |
| Natriumbensoaat | 0,2% m/v |

**WORMSTOP® 100 (TABLETTE)**

Elke tablet bevat: 100 mg mebendasool

Die ander bestanddele is kalsiumwaterstoffosfaat, gelatien, mieliestysel, magnesiumstearaat, oranje DC116-geur, gesuiwerde talk, natriumlourielsulfaat, natriumsakkarien, Sunset Yellow kleurindeksnr. 15985, vanillien.

**Hoe WORMSTOP® lyk en die inhoud van die pak**

**WORMSTOP® SUSPENSIE:** ’n wit tot afwit, ondeursigtige, viskose suspensie met kenmerkende vrugtereuk.

**WORMSTOP® 100 (TABLETTE):** ligoranje, lemoengegeurde, gladde, ronde, plat onbedekte tablette met skuins rande aan beide kante.

**WORMSTOP® SUSPENSIE**:

Bruin glasbottels wat 30 ml WORMSTOP® SUSPENSIE bevat.

**WORMSTOP® 100 (TABLETTE):**

Stulppakke met 6, 10 x 6, 24 x 6 en 40 x 6 tablette.

**Houer van die registrasiesertifikaat**

RANBAXY PHARMACEUTICALS (PTY) LTD
Lautreweg 14
Stormill, Uitbr. 1
Roodepoort, 1724
Suid-Afrika

**Hierdie blad is laas hersien in**

31 Oktober 2021

**Registrasienommer**

**WORMSTOP® SUSPENSIE:** 31/12/0248

| | |
|---|---|
| S3 | Bot 0500756 (Botswana) |
| NS1 | 04/12/1631 (Namibia) |

**WORMSTOP ® 100:** 31/12/0526

| | |
|---|---|
| S2 | Bot 0500778 (Botswana) |
| NS1 | 04/12/1632 (Namibia) |